

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> HEBREËRS 8 - 10
----------	------------------	---------------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Hebreërs 8 - 10). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	<i>[CHRISTELIKE HUWELIK]</i> JOHANNES 15:5
----------	-------------------------	---

Repeteer twee-twee.

(15) Johannes 15:5. “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

4	ONDERRIG (85 minute)	<i>[KERK OPBOUENDE BEDIENING]</i> DIEN VOLGENS GEESTESGAWES
----------	----------------------	--

Die onderrig oor die Heilige Gees in die Dota handleidings:

- Handleiding 2, les 21. Die aard van die Heilige Gees, Sy werk ín mense en sy werk in die Gemeente.
- Handleiding 2, supplement 9. Die Heilige Gees help mense met hulle swakhede.
- Handleiding 4, les 45. Die doop en die vervulling met die Heilige Gees.
- Handleiding 7, les 35. Dien volgens geestesgawes.
- Handleiding 7, supplement 12. Meer geestesgawes.

A. DIE AARD EN DOEL VAN GEESTESGAWES

1. Die aard van 'n geestesgawe.

(1) 'n Besondere bekwaamheid of funksie.

'n Geestesgawe of genadegawe van die Gees (Grieks: charisma) is 'n besondere bekwaamheid (vermoë) of bevoegdheid (funksie, amp) wat God in sy genade en soewereine besluit aan 'n Christen gee (1 Petrus 4:10; 1 Korintiërs 12:4-6,11). Dit is 'n *gewone of 'n buitengewone werking van die Heilige Gees* in 'n Christen. Dit is dus nie die resultaat van jou eie vaardighede of vindingrykheid nie. Dit is 'n uitdrukking van God se genade in verskillende vorme van dienslewering van Christene.

(2) 'n Openbaring van God se krag en wysheid.

'n Geestesgawe is 'n openbaring (manifestasie) van God se krag, wysheid, kennis, ens. (1 Korintiërs 12:7) deur die Christen en word uitgedruk in die verskillende (gewone of amptelike) bedieninge en kry gestalte in verskillende werkinge (uitwerkings van God se krag en wysheid).

(3) 'n Afgemete gawe.

'n Geestesgawe is altyd 'n afgemete gawe; beperk in omvang “volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het” (Efesiërs 4:7). Niemand kry alle geestesgawes nie (1 Korintiërs 12:29-30), maar ook kry niemand alles wat 'n spesifieke geestesgawe sou kon doen nie (Efesiërs 4:7).

2. Die verskillende geestesgawes.

Lees Romeine 12:4-8, 1 Korintiërs 7:1,7; 12:7-10,28-30; 14:6,26; Efesiërs 4:11; 1 Petrus 4:10-11.

(1) Die geestesgawes wat in die Nuwe Testament genoem word.

Die Nuwe Testament het ongeveer vyf-en-twintig verskillende geestesgawes (insluitende *ampte as geestesgawes*). Hulle is: profesie en *profete*, dien, onderrig en *leraars*, bemoediging, *gee/uitdeel*, leiding *gee*, barmhartigheid/ontferming bewys, selfbeheersing of die onthouding van 'n huwelik, woorde van wysheid, woorde van kennis, geloof, gawes van genesing, werking van kragte, onderskeiding van geeste, spreek in allerlei tale, uitlê van tale, *apostels*, vorms van

hulpverlening, bestuursgawes, 'n openbaring, 'n psalm, 'n woord van onderrig, 'n psalm, evangeliste, herders, leraars en preek.

Let daarop dat sommige van hierdie geestesgawes nie maar net bepaalde vermoëns (bekwaamhede) is nie, maar ook bepaalde amp (funksies, bevoegdhede, aangewese bedieninge) is. Apostels, profete, evangeliste, herders (pastors) en leraars is geestesgawes, maar die punt is nie dat hulle 'n bepaalde vermoë (bekwaamheid) het nie, maar dat hulle 'n *bepaalde amp (bevoegdheid, aangewese bediening) as geestesgawe* in die Gemeente beklee.

Dit is nie waar dat die Kerk/Gemeente gedurende de vroegste periode nét deur die Gees afsonderlik van alle kerklike ampte bestuur is nie. Die apostels het van die begin af as ouderlinge gefunksioneer (Handelinge 2:42 en 4:33 in 30 n.C., Handelinge 8:1 in 30-34 n.C., vergelyk 1 Petrus 5:1 in 62-63 n.C. en as diakens (Handelinge 4:34-35 in 30 n.C.) in die vroegste kerk/gemeente van Jerusalem. Die ampte as geestesgawes in Efesiërs 4:12 moet onder die leiding van die raad van ouderlinge (kerkraad) hulle bedieninge (take) uitvoer (vergeelyk Handelinge 20:17,28 en 1 Petrus 5:1-2).

Die lyste van geestesgawes sluit bedieninge (take) in wat vir die welsyn van die Gemeente uitgevoer word. Sommige geestesgawes is *gewoon* en ander geestesgawes is *buitengewoon* van aard. Al hierdie bedieninge (take) kan d.m.v. 'n besondere geestesgawe uitgevoer word (bv. onderrig, Romeine 12:7), maar dit is hoegenaamd nie noodsaaklik nie – want hierdie bedieninge (take) kan ook uitgevoer word sonder 'n besondere geestesgawe (bv. onderrig, Matteus 28:20; Kolossense 3:16). Die punt wat die apostel Paulus wil maak, is dat nie al hierdie bedieninge 'n besondere geestesgawe vereis nie, maar dat daar 'n *groot verskeidenheid* van bedieninge en take in die Gemeente is!

(2) Die lyste van geestesgawes is nie volledig nie.

Sommige lyste noem dieselfde geestesgawes, maar geen lys se bedoeling is om volledig te wees nie. Die brief aan die Korintiërs noem die geestesgawes wat in dié besondere gemeente in dié tyd aanwesig was, maar *die brief aan die Romeine noem die geestesgawes wat in die gemeente belangrik is en 'n plek behoort te kry*.

(3) Geestesgawes wat nie in die lyste genoem word nie.

Die stilswyende gevolgtrekking is dat daar nog ander geestesgawes is wat nie in hierdie lyste genoem word nie, byvoorbeeld, *die kreatiewe en musikale geestesgawes* (vergeelyk Eksodus 28:3; 31:1-6; 35:10,25,35; 36:1; Psalm 33:2-3; 45:1; 78:72).

Bowendien het elke geestesgawe 'n verskeidenheid van maniere om hulle te manifesteer (uit te druk). Daar is byvoorbeeld verskillende onderriggawes: die gawe om onderrig te gee d.m.v. woorde, of illustrasies, of toneel-opvoerings en die gawe om onderrig te gee aan verskillende groepe van mense soos bv. volwassenes, kinders of die gestremdes, ens. Elkeen van hierdie onderriggawes kan bepaalde buitengewone vermoëns insluit, of dalk nie. Elkeen van hierdie onderriggawes is beperk in omvang (Efesiërs 4:7).

3. Die ontvangers van die geestesgawes.

Christene het verskillende menings oor die vraag of *elke* Christen 'n geestesgawe ontvang het of nie.

(1) Die woord 'elke' het soms universele betekenis.

Die woord 'elke' (Grieks: hekastos) het soms die universele betekenis van 'elke mens wat ooit geleef het' (Romeine 2:6) of 'elke Christen wat ooit geleef het' (Handelinge 2:38; Romeine 12:3; 14:12). Sommige Christene glo dus dat die woord 'elke' in 1 Korintiërs 7:7, 12:7, 14:26 en 1 Petrus 4:10 beteken dat 'elke Christen' wat ooit geleef het 'n besondere geestesgawe ontvang het.

(2) Die woord 'elke' het soms beperkte betekenis.

Die woord 'elke' het in die Bybel egter nie altyd die universele betekenis van 'elke mens wat ooit geleef het' nie. Byvoorbeeld, 'elke huigelaar' (Lukas 13:15), elke mens in die skare wat gevoed moet word (Johannes 6:7), 'elke soldaat' (Johannes 19:23) en 'elkeen' wat behoefte het onder die eerste Christene' (Handelinge 4:35). Daarom kom ander Christene tot die gevolgtrekking dat die woord 'elke' in 1 Korintiërs 7:7, 12:7, 14:26 en 1 Petrus 4:10 nie noodwendig beteken dat elke Christen 'n geestesgawe ontvang nie!

Buitendien, as die Bybel klem wil lê op 'elke persoon sonder uitsondering', dan word die woorde 'elke één' (Grieks 'eis hekastos' of 'hen hekastos') (Handelinge 20:31; 1 Tessalonisense 2:11) gebruik. Die woord 'elke' in 1 Korintiërs 7:7, 12:7, 14:26 en 1 Petrus 4:10 kan dus die beperkte betekenis hê van '*elke Christen na wie daar in die konteks verwys word*'. (Vergeelyk die woord 'almal' in Romeine 5:17-19). Die woord 'elke' kan dus die betekenis hê van 'elke Christen in die Liggaam van Christus aan wie die Heilige Gees 'n buitengewone bekwaamheid, 'n gewone vermoë, of 'n bevoegdheid (funksie of amp) gegee het' (1 Korintiërs 12:11,28-30). Dit is dus nie absoluut noodsaaklik dat die Heilige Gees 'n geestesgawe aan elke Christen gee nie.

4. Genade en liefde is belangriker as die geestesgawes.

(1) Genade is meer as die geestesgawes.

Efesiërs 4:7 sê: "Aan elkeen (Grieks: heni de hekasto) van ons is 'n genadegawe (Grieks: charis, nie 'charisma' nie) gegee volgens die mate waarin Christus die gawes (Grieks: dorea) uitgedeel het." Dit beteken dat God se genade baie meer is as 'n geestesgawe. Elke Christen, sonder uitsondering, ontvang genade (Grieks: charis), maar nie noodwendig 'n geestesgawe (genadegawe)(Grieks: charisma) nie. Elke Christen, sonder uitsondering, ontvang 'n bepaalde maat van

die buitengewone gawe (genade) wat Christus volbring het en wat Christus aan elkeen toebedeel het. Die taak, byvoorbeeld, om die Fondament (Christus) te lê (1 Korintiërs 3:10), die krag om hard te werk (1 Korintiërs 15:10), die moed om in omstandighede van swakheid te volhard (2 Korintiërs 12:9) of die vermoë om sendingwerk onder moeilike bevolkingsgroepe te verrig (Galasiërs 2:9). Maar baie Christene (nie almal nie) ontvang ook 'n geestesgawe ('n charisma of goddelike bekwaamheid of bevoegdheid) (Efesiërs 4:11; 1 Petrus 4:10-11).

(2) Liefde is meer as die geestesgawes.

Deur 1 Korintiërs 12:31a met 31b te vergelyk wys Paulus daarop dat die liefde die allerbeste weg is, dat die liefde 'n meer uitnemende weg is as een van die geestesgawes. 'n Christen wat daarna streef om 'n geestesgawe te besit, moet streef na 'n geestesgawe wat die gemeente opbou, soos byvoorbeeld profesie (verkondiging van God se Woord). Maar elke Christen, sonder uitsondering, moet die liefde beoefen! Die gevolgtrekking is dat selfs al ontbreek bepaalde geestesgawes onder die Christene in die gemeente, mag die liefde nooit ontbreek nie! Terwyl gewone en buitengewone geestesgawes (bekwaamhede/vermoëns en bevoegdhe/amp) aan sommige Christene geskenk word, is die liefde 'n gawe van die Heilige Gees wat aan elke Christen, sonder uitsondering, geskenk word (Romeinen 5:5; Titus 3:5-6)!

(3) Om geestelik te wees, is van groter waarde as die besit van geestesgawes.

Die besit van 'n geestesgawe maak 'n Christen nie meer geestelik nie! Die Christene in die gemeente van Korinte het alle gewone en buitengewone geestesgawes besit en tog was hulle vleeslik, ongeestelik, en bly hulle onvolwasse (1 Korintiërs 1:7; 3:1)! Die kenmerke van 'geestelik wees', is: geestelike volwassenheid (1 Korintiërs 3:1-4) en die dra van die vrug van die Heilige Gees (Galasiërs 5:22-24). Die belangrike beginsel in die eerste brief van Paulus aan die Korintiërs is dat elke Christen alles wat hy besit moet inspan om *God daarmee te eer* (1 Korintiërs 10:31) en nêr dinge te doen wat *ander mense opbou* (1 Korintiërs 10:23) en *nie aanstoort gee nie* (1 Korintiërs 10:32).

5. Die doel van die geestesgawes.

Die vier onderskeie doelwitte van die geestesgawes is:

- om mekaar te dien (1 Petrus 4:10-11)
- om die Kerk/Gemeente op te bou (1 Korintiërs 12:7; 14:12)
- om alle Christene toe te rus vir hulle dienswerk (Efesiërs 4:12)
- en uiteindelik God in alle dinge te verheerlik (1 Petrus 4:11)!

B. DIE SOEK, ONTVANG, HERKEN EN BEOORDELING VAN GEESTESGAWES

1. Die soek van geestesgawes.

In 1 Korintiërs 14 gee Paulus instruksies aan die Christene aan wie die Heilige Gees op soewereine wyse 'n geestesgawe geskenk het (1 Korintiërs 12:11,28-30): "Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om te profeteer" (1 Korintiërs 14:1).

Na watter soort geestesgawes moet hierdie Christene (wat geestesgawes besit) ernstig verlang?

Drie sake het noodsaaklik geword vir die gemeente in Korinte: hulle verlange na bepaalde geestesgawes moet verander; hulle moet die liefde najaag; en hulle moet andere opbou i.p.v. net maar hulleself.

(1) Die gemeentelide in Korinte moet hulle verlange verander.

In 1 Korintiërs 12 - 14 stry Paulus teen die misbruik van die geestesgawe van die spreek in vreemde (onverstaanbare) tale. Die gemeente van Korinte (1 Korintiërs 12:27) het die geestesgawe van die spreek in onverstaanbare tale baie hoog aangeslaan, d.w.s., hulle het gehoop dat hierdie geestesgawe baie aan hulle geskenk sou word. Hierdie verlange (begeerte/strewe) moes verander, omdat dit verkeerd is om die spreek in tonge bo die ander geestesgawes te plaas!

Die onderskeid tussen die geestesgawes moet volgens God se standaard en nie volgens die standaard van hierdie gemeente gemaak word nie! In die lyste van die geestesgawes (1 Korintiërs 12:7-10 en 12:27-31) ken die apostel Paulus twee keer die onderste plek aan die spreek in onverstaanbare tale toe. En in 1 Korintiërs 14:1-3,19 ken hy die hoogste plek aan profesie (die duidelik verstaanbare verkondiging van God se Woord) toe. Die Korintiërs aan wie die Heilige Gees die geestesgawe van profesie gegee het (wat mense opbou, vermaan en troos), moet ywerig verlang om God se Woord in duidelik verstaanbare woorde te verkondig.

Die konteks (1 Korintiërs 12:28-30 en 14:1-3) verbied ons om 1 Korintiërs 12:31 te beskou as 'n aansporing dat elke Christen ernstig moet verlang na die besit van geestesgawes. Die Korintiërs aan wie die Heilige Gees op soewereine wyse geestesgawe gegee het (1 Korintiërs 12:11) moet verlang (Grieks: zeloó) na die geestesgawe van die spreek van verstaanbare woorde van God (profesie) eerder as na die geestesgawe van die spreek van onverstaanbare woorde in (vreemde) tale (tonge). Die apostel Paulus wys hulle selfs op die weg wat alle geestesgawes oortref, naamlik die liefde, en hy beveel die Christene om die liefde onophoudelik na te streef (toe te lê op) (Grieks: diokó) (bevel in die onvoltooid teenwoordige tyd) (1 Korintiërs 12:31b – 14:1a). Sy doel is om aan te toon dat die liefde alle geestesgawes oortref! Juis die liefde bou mense op!

(2) Die gemeentelide in Korinte moet voortdurend jaag na die allesoortreffende weg.

Die woord 'jaag na' of 'volg' (Grieks: diókete, 14:1) is 'n baie sterker woord as 'ernstig verlang na' (Grieks: zéloute, 12:31; 14:1) en beide is 'n bevel in die onvoltooid teenwoordige tyd. 'Jaag na' verwys na 'n *handeling wat nie stop*

nie, terwyl 'verlang na' die intensiteit van die handeling eerder as die kontinuïteit van die handeling benadruk. Die mense wat in 1 Korintiërs 14 aangespreek word, is die Christene aan wie die Heilige Gees geestesgawes geskenk het.

1 Korintiërs 13 praat oor die liefde wat alle Christene moet najaag, terwyl 1 Korintiërs 14:2-3 praat oor die geestesgawe van profesie of die spreek in tale wat sommige Christene besit. Die gevolgtrekking is dan dat 'die najaag' 'n bevel aan alle Christene is, terwyl 'die verlang na' 'n bevel is aan die Christene wat 'n geestesgawe ontvang het. Terwyl alle Christene die liefde moet najaag, moet die Christene wat geestesgawes besit voortdurend streef /verlang na die spreek in verstaanbare woorde van profesie eerder as om te verlang na die spreek in onverstaanbare woorde (tonge).

Buitendien moet ons onderskeid maak tussen *die besit van 'n geestesgawe* en *die gebruik/beoefening van 'n geestesgawe* (1 Korintiërs 14:26-33). Die bevel om 'te verlang na' (Grieks: zéloute) 'n geestesgawe het nie te make met die verkryging van 'n geestesgawe nie, maar eerder te make met die gebruik/beoefening/benutting van geestesgawes in die gemeente. Die woord 'veral' (eerder) (Grieks: mallon de) (1 Korintiërs 14:1) toon aan dat daar kennelik 'n onderskeid is tussen die graad van die geestesgawes. Sommige geestesgawes is 'die meerdere/beste genadegawes' (Grieks: ta charismata ta meizona) (1 Korintiërs 12:31) en is: ten eerste apostels, ten tweede profete en ten derde leraars (1 Korintiërs 12:28; vergelyk Efesiërs 4:11). Die apostel Paulus ken die hoogste plek toe aan die geestesgawe wat in verstaanbare woorde geuit word (profesie: dít wat apostels, profete en leraars doen), en maak daarmee duidelik dat die gemeente van Korinte foutter om aan die spreek in onverstaanbare woorde in vreemde tale die hoogste plek toe te ken.

(3) Die gemeentelêde in Korinte moet die klem lê op die opbou van andere.

1 Korintiërs 14:12 sê letterlik: "So ook julle, as julle strewers (Engels: zealots, fanatics) na geeste" is¹ (Grieks: zelótai pneumatón) (sic! En nie soos ANV nie: "toelê op die gawes van die Gees"), verlang dan dat julle uitmunt (overvloedig is) in die opbou van die gemeente" (en nie soos ANV nie: "streef dan na dié geestesgawes wat tot opbou van die gemeente dien, sodat julle daarin kan uitmunt."). Dit is nie onmoontlik dat die Korintiërs, wat hulle onlangs uit die heidendom bekeer het, elke geestesgawe toegedig het aan 'n ander (sogenaamde "goeie") gees nie. Paulus help hulle om te begryp dat alle geestesgawes van die één Gees kom (1 Korintiërs 12:4) en nie van ander geeste af nie. Terwyl die Korintiërs streef na die vermoëns wat bepaalde geeste besit of teweegbring, praat Paulus oor strewers na die vermoëns (bekwaamhede, bevoegdheid) wat die Heilige Gees alleen teweegbring. Paulus het daarvan uitgegaan dat die Christene in Korinte die Heilige Gees ontvang het (1 Korintiërs 2:12) en dat die Heilige Gees gewone en besondere vermoëns (bekwaamhede, bevoegdheid) aan die menslike gees kon skenk. Terwyl die Korintiërs daarna streef om die geestesgawe van die spreek in onverstaanbare tale (tonge) te besit, ten einde hulleself op te bou, vermaan Paulus hulle om liever te streef na die uitoefening (gebruik) van geestesgawes wat andere in die gemeente opbou. Paulus spoor die Christene wat geestesgawes besit, aan, om uit te munt (oorvloedig te wees) in die geestesgawes wat die gemeente opbou.

Die konteks wat hierop volg (1 Korintiërs 14:13-19) toon aan dat die Korintiërs die geestesgawes wat met reëlmaat voorgekom het (soos profesie wat God se woorde in duidelik verstaanbare woorde verkondig) baie belangriker beskou moes word as die geestesgawes wat plotseling kon uitbars (soos die spreek in onverstaanbare tonge). Paulus praat nie oor wat daarin die gemeente van Korinte plaasgevind het nie, maar oor wat daar in die amptelike eredienste van die gemeente van Korinte, en alle ander gemeentes in die wêreld (1 Korintiërs 14:33), sou moes plaasvind.

2. Ontvang van geestesgawes.

Wie bepaal uiteindelik watter geestesgawe 'n Christen kan ontvang?

Die Drie-enige God (die Vader en die Seun en die Heilige Gees) gee uit genade, en op 'n soewereine wyse, geestesgawes (bekwaamhede/vermoëns of bevoegdheid/ampte/funksies met gesag in die gemeente) aan Christene (1 Korintiërs 12:11,18,28; Efesiërs 4:7; Hebreërs 2:4; 1 Petrus 4:10). Hy bepaal watter geestesgawe Hy gee en aan wie Hy dit gee. Die apostel Paulus vermaan die Christene aan wie geestesgawes gegee word om ernstig te strewers/verlang na die gebruik/beoefening van die geestesgawes wat die gemeente opbou, omdat hulle God se woord kommunikeer met verstaanbare woorde (1 Korintiërs 14:12,19).

God gee aan elke Christen 'n besondere plek in die Liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:12-18). Alhoewel Hy nie noodwendig aan elke individuele Christen 'n spesifieke bediening gee nie, moet elke Christen dien (1 Petrus 4:10-11)! En alhoewel Hy nie aan elke individuele Christen 'n geestesgawe (bekwaamheid/vermoë of bevoegdheid/amp) gegee het nie, moet elke Christen liefde in sy lewe hê (1 Korintiërs 13:1-13)!

3. Herkenning van geestesgawes.

Hoe kan 'n Christen ontdek of die Drie-enige God hom 'n geestesgawe (of meer geestesgawes) geskenk het en watter geestesgawe(s) dit is? Dit gaan nie daaroor of die geestesgawe 'n gewone geestesgawe (bv. onderrig) of 'n buitengewone geestesgawe (bv. genesing van siekes) of 'n funksie/amp (bv. evangelis, herder, of leraar) is nie.

(1) Deur Bybelstudie en gebed.

Begryp wat die Bybel leer oor die geestesgawes, hulle kenmerke en funksies.

¹ Novum Testamentum Graece, Nestle-Aland, die Griekse tekst vir Bybelvertalings!

(2) Deur diensbaar te wees in die Liggaam van Christus die plaaslike gemeente of die wêreldwye Gemeente.

Kry ervaring deur deel te neem aan verskillende bedieninge in die gemeente, soos byvoorbeeld om kinders te onderrig in die Bybel, die jeug te lei in hulle aktiwiteite, barmhartigheid aan mense in nood te betoon, bemoediging van mense met probleme, die evangelie te verkondig, aan 'n dissipelskap groep deel te neem, ens.). As God jou 'n geestesgawe gegee het, sal dit aan die lig kom in jou bediening aan andere en die opbou van die Gemeente. God gee nie geestesgawes om daarmee (soos 'n opgespelde sieraad) te spog nie, maar gee geestesgawes om andere daarmee te dien, die Gemeente op te bou, Christene toe te rus vir hulle dienswerk en om God (nie jousef nie) daarmee te verheerlik. 'n Christen wat nie dien nie, kan nie ontdek of hy 'n geestesgawe ontvang het of nie.

(3) Deur jou dienslewering (en nie soseer jou aanleg) te evalueer.

'n Geestesgawe is 'n vermoë (bekwaamheid) of 'n amp (bevoegdheid met gesag) wat jy opwek/prikkel/aanspoor om te dien op die gebied van die geestesgawe. Dit kom aan die lig deur 'n verlange om op daardie gebied te dien. Omdat geestesgawes onafskeidelik verbind is aan dienslewering, opbou en toerusting van ander mense, is die effek (invloed) wat jy op ander mense het 'n aanduiding van die geestesgawe wat jy besit.

Vra jousef die volgende vrae:

- “Hoe evalueer ander Christene my dienslewering?”
- “Wat vra ander mense dikwels (vir my) om vir hulle te doen?”
- “Wat sê ander mense wat ek goed doen?”
- “Wat sê ander mense waarmee het ek hulle gehelp het?”

Vra daarna aan jousef die volgende vrae:

- “Hoe evalueer ek my eie dienslewering?”
- “Wat geniet ek om te doen?”
- “Wat doen ek goed?”
- “Wat doen ek wat ander mense dien, help, opbou of toerus?”

4. Beoordeling van geestesgawes.

Hoe behoort 'n Christen homself in die gemeente te sien/beskou? Daar is verskille onder Christene wat God in sy soewereine wil en uitdeel van sy genade tot stand bring (Romeine 12:3-6; 1 Korintiërs 12:4-7,14-27). Daar bestaan die volgende verskillende openbarings (manifestasies) van die Gees (1 Korintiërs 12:7). Hulle verskil in die volgende:

- *in die soort van genade* (Grieks: charis)
- *in die mate van die genade* wat God aan Christene skenk (Efesiërs 4:7)
- *in die soort van geestesgawes* (Grieks: charisma) wat die Heilige Gees skenk (1 Korintiërs 12:4), bv. onderrig
- *in die bediening* in die Koninkryk van God (1 Korintiërs 12:5), bv. onderrig aan kinders
- *in die werkinge (uitwerkings/effekte)* van die Gees (1 Korintiërs 12:6), bv. onderrig d.m.v. verhale te vertel en tekeninge te maak.

God se wil sorg vir al hierdie verskille en groot diversiteit onder Christene. Hy bepaal die rigting waarin elke Christen moet voortgaan (om te dien).

(1) Beoordeling van geestesgawes verg nederigheid.

Romeine 12:3 sê: “Moenie van jousef meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.” Om méér van jousef te dink as wat jy moet, is hoogmoed. Hoogmoed bestaan uit die verlange na die besit of uitoefening van 'n reg (bv. 'n geestesgawe) wat jou nie toekom nie. Niemand is immuun teen 'n oordrewe selfbeeld nie (wanneer hy meer van homself dink as wat hy behoort). 'n Christen wat steeds na 'n geestesgawe/vermoë of funksie/amp streef wat anders is as wat God aan hom toebedeel het, is betrokke in moedwillige selfverheffing. Dit geld ook vir die strewe daarna om in onverstaanbare tonge te kan praat.

Nederigheid is om in beskeidenheid oor jousef te dink. Christene moet nie maak asof hulle 'n bepaalde geestesgawe besit, wat hulle nié het nie. Christene moet ook nie weier om die geestesgawe wat God hulle geskenk het, te erken of te gebruik nie. Beide die hoogmoedige selfverheffing en valse nederigheid is verkeerd. Christene moet hulle nie aan hulle eie standaard meet nie, maar aan die mate van die geloof wat God aan hulle toebedeel het.

(2) Beoordeling van geestesgawes verg geloof.

‘Die geloof’ in Romeine 12:3 verwys na *die subjektiewe geloof* om ‘te vertrou op’ of ‘beslag te lê op’ God se beloftes. Maar ‘die mate van die geloof’ verwys nie na *die hoeveelheid geloof nie*, maar eerder na *die soort van geloof*. Paulus dink aan die verskillende moontlike maniere waarop Christene 'n seën vir andere en die Gemeente is deur hulle besondere geestesgawe/vermoë of funksie/amp te gebruik in samehang met hulle geloof. Die baie soorte van geloof is 'n weerspieëling van die baie maniere waarop geloof beoefen word in samehang met die groot verskeidenheid van geestesgawes in die Gemeente/Kerk.

Deur God se genade ontvang elke Christen ‘'n bepaalde maat van geloof’, d.w.s., as 'n lid van die Liggaam van Christus ontvang hy:

'n spesifieke plek in die Liggaam (1 Korintiërs 12:18)

- moontlik 'n gewone of buitengewone geestesgawe (of funksie met gesag) (1 Korintiërs 12:11)
- 'n maat van geloof waardeur hy, en binne die grense waarvan hy, sy bediening uitoefen (Romeine 12:3).

Geloof is noodsaaklik as ons lede van die Liggaam van Christus word. Geloof is ook noodsaaklik as ons ons verskillende geestesgawes (bekwaamhede of bevoegdhe) en ons verskillende bedieninge as lede van die Liggaam van Christus uitoefen. Alle geestesgawes kan net goed beoefen word deur geloof in Christus en deur die liefde wat God gee (1 Korintiërs 13). Elke geestesgawe is dus beperk t.o.v.

- die soort bekwaamheid of bevoegdheid (amp),
- die tipe van bediening waar dit uitgeoefen word
- die geloof waarmee dit uitgeoefen word.

C. DIE KENMERKE VAN DIE GEESTESGAWES

Hier volg 'n klein seleksie. Vergelyk "Meer geestesgawes" in handleiding 7, supplement 12.

1. Apostels

(1) Die apostels van Christus

(Markus 3:13-19; Handeling 1:21-22; 1 Korintiërs 9:1; Openbaring 21:14).

Hulle was absoluut uniek. Die apostels van Christus het geen opvolgers nie. Hulle was die ooggetuies van Christus en van wat Christus gesê het op aarde (Handeling 1:22), die outeurs van die Nuwe Testament (2 Petrus 3:1-2,15-16) en die grondlêers van die historiese wêreldwye Kerk/Gemeente van Christus (Matteus 16:18; Efesiërs 2:20).

(2) Die apostels van die gemeentes (2 Korintiërs 8:23; Filippense 2:25).

Hulle is die afgevaardigdes of verteenwoordigers van plaaslike gemeentes wat uitgestuur word om een of ander spesiale taak te verrig. Die woord mag toegepas word op moderne sendelinge wat die evangelie verkondig, nuwe gemeentes plant en hierdie gemeentes opbou (Handeling 14:14; Romeine 16:7; Galasiërs 1:19).

2. Openbaring, profete en profesie

- 'n Openbaring' (1 Korintiërs 14:6,26) is 'n nuwe onthulling, ontsluiting veral d.m.v. visioene (vergelyk 2 Korintiërs 12:1; Openbaring 1:1,10,12).
- 'n Profesie' is die uiting of die verkondiging van dinge wat God al geopenbaar het. Dit is woorde of preke of verkondigings onder die inspirasie van die Heilige Gees. Dit word in die Bybel in drie betekenis gebruik:

(1) Die Ou-Testamentiese profete was die verkondigers van God se Ou-Testamentiese openbaring.

Hierdie profete was die instrumente vir nuwe openbarings en het die ware woorde van God Self gespreek! Hulle was God se woordvoerders en al hulle woorde was God se gesaghebbende woorde. Hierdie profete was uniek. Dit was 'n geestesgawe (goddelike vermoë) of amp (aangewese funksie met gesag) nêr gedurende die Ou-Testamentiese periode (Matteus 11:13). Die Ou-Testamentiese profete was die geïnspireerde woordvoerders van God en hul openbarings was bedoel vir alle mense in die wêreld.

Die Ou-Testamentiese profete het geen opvolgers nie! Daar is geen profete soos hulle meer nie, omdat God die openbaring van Homself en sy plan, wat Hy deur die Ou-Testamentiese profete begin het, voltooi het in Jesus Christus (Johannes 1:18; Hebreërs 1:1-2) en in die getuienis van die apostels van Christus (Johannes 16:13-15). Hierdie openbaring is opgeteken in die Bybel. 'Die kanon' of lys van 66 boeke van die Bybel is lankal gesluit. Niemand mag sogenaamde 'woorde van God' of nuwe 'boeke van die Bybel' aan hierdie kanon toevoeg nie (Openbaring 22:18-19)!

(2) Die Nuwe-Testamentiese profete was die verkondigers van God se bedoelings in bepaalde omstandighede.

Die Nuwe-Testamentiese profete was ook uniek. Dit was 'n geestesgawe of amp (aangewese bediening, vergelyk Handeling 15:32-33) alleen gedurende die beginperiode van die Nuwe-Testamentiese Gemeente. Solank as wat die optekening van die Nuwe Testament nog nie voltooi was nie, het hulle op sekere tye aangekondig wat die Vroeë Kerk onder bepaalde omstandighede moes weet of doen.

Hulle profesieë was beperk. Terwyl die apostels van Christus die geestesgawe van profesie besit het, was hierdie Nuwe-Testamentiese profete nie apostels van Christus nie. Terwyl die apostels van Christus openbarings ontvang het wat van fundamentele belang was vir die hele Christelike Kerk/Gemeente deur die hele Nuwe-Testamentiese periode heen (1 Korintiërs 15:3; Galasiërs 1:11-12,16), het die Nuwe-Testamentiese profete slegs openbarings ontvang wat geen permanente of algemene betekenis gehad het nie (Handeling 11:27-28; 13:1-4; 21:10-11). Terwyl die apostels van Christus openbarings verkondig het wat alle Christene, vanaf die eerste koms van Christus tot by sy wederkoms, moet ken, glo en doen, het die Nuwe-Testamentiese profete net beperkte openbarings verkondig wat 'n beperkte groep Christene in die Vroeë Kerk onder bepaalde omstandighede moes weet, glo en doen.

Die Nuwe-Testamentiese profete het gespreek tot opbou, vermaning (bemoediging) en troos (1 Korintiërs 14:3; Handeling 15:30-32) of tot waarskuwing (1 Korintiërs 14:8; Handeling 11:27-28; 21:10-11). Die woord 'profesie' verwys primêr na 'opbou, vermaan en troos' (1 Korintiërs 14:3) en nié na 'nuwe onthullings' nie (Handeling 13:1-4).

Die inhoud van Bybelse profesie is “die getuigenis van Jesus Christus” (Hy is die Auteur en die inhoud van profesie) (Openbaring 19:10)! Dit verwys na alles wat Jesus Christus in die Ou Testament (vergelyk 1 Petrus 1:10-12) en in die Nuwe Testament (Johannes 16:13-15) onderrig het!

Die apostels van Christus was die instrumente van Christus om die hele Nuwe Testament te openbaar en op te teken (Johannes 14:26; 16:13-15; 20:31). In teenstelling daarmee is net ‘n paar profesieë van Nuwe-Testamentiese profete opgeteken in die Nuwe Testament (Handelinge 11:28; 21:11). Dit bewys dat die Nuwe-Testamentiese profete nie dieselfde soort openbaringe as die apostels van Christus ontvang het nie. Terwyl die prediking en onderrig van die apostels van Christus onbetwisbaar, onfeilbaar en gesaghebbend is vir die leer en lewe (geloof en gedrag) van Christene deur al die eeue heen vanaf die eerste koms van Christus tot by sy wederkoms (Handelinge 2:42; 2 Timoteus 1:13; Handelinge 16:4; Filippense 4:9), moes die uitsprake van die Nuwe-Testamentiese profete deur ander Christene geweeg en getoets (beproof) word (1 Korintiërs 14:29-33). Die apostels van Christus het baie ander kwaliteite besit, wat hulle laat uitmunt het bo al die ander geestesgawes en ampte.

- (3) Die geestesgawe van profesie is die verkondiging op ‘n wyse wat geïnspireer is deur die Heilige Gees van wat die apostels van Christus al voorheen geopenbaar het in hulle verkondiging en onderrig.

Dit is die algemene betekenis van die woord ‘profesie’. ‘Profeteer’ (Romeine 12:7) is die spesiale vermoë of funksie om die Bybelse waarhede te verkondig (preek) ten einde bepaalde Christene op te bou, te vermaan (bemoedig) en te troos (1 Korintiërs 14:3; Handelinge 15:32), of om die Kerk/Gemeente as Liggaam van Christus op te bou deur die Christene toe te rus vir verskillende bedieninge (Efesiërs 4:12). Christene met hierdie geestesgawe verkondig openlik en op ‘n geïnspireerde, oordedende en oortuigende wyse God se woorde wat al eerder in die Bybel geopenbaar (en opgeteken) is. Hulle spreek met verstaanbare woorde (1 Korintiërs 14:8) en met krag (Handelinge 6:10; 1 Tessalonisense 1:5).

‘Profeteer’ mag die onthulling van bepaalde gedagtes, motiewe, houdings, woorde en dade wat voorheen verborge was, insluit. Die Heilige Gees gebruik die prediking, onderrig en berading van Christene met die geestesgawe van profesie om verborge sake in die luisteraar aan die lig te bring, hom tot bekering te roep en tot verandering van dinge in sy lewe te beweeg. Die effek van hierdie soort van profetering is dat die sondes van die luisteraar onweerlegbaar aan die lig gebring word (1 Korintiërs 14:24-25). Die onthulling of ontsluiting van sy sondes kan in die openbaar in die gemeentevergadering plaasvind (Handelinge 5:3-4) of dit kan net aan die siel van die luisteraar geopenbaar word (Handelinge 2:37; vergelyk Johannes 16:8)!

3. Leraars en onderrig.

- (1) Die funksie (bevoegdheid, offisiële toestemming, gesag) van leraar wees of die spesiale vermoë (bekwaamheid) om onderrig te gee.

‘Leraar’ is ‘n *gewone bevoegdheid* (funksie, amp, aangestelde bediening) (1 Korintiërs 12:28; Efesiërs 4:11; 2 Timoteus 1:11) of ‘n *buitengewone bekwaamheid* (vermoë) in die Kerk/Gemeente (Romeine 12:7). Leraars kommunikeer die waarheid van die Bybel meestal aan ander Christene. Hulle behoort tot die gewone take of ampte in die gemeente in die Nuwe Testament. Terwyl die profete hulle boodskap met behulp van ‘n openbaring ontvang, ontleen die leraars hulle boodskappe aan hulle kennis van die Ou-Testamentiese profete, die onderrig van Jesus Christus en die leringe van die Nuwe-Testamentiese apostels, dus aan die 66 kanonieke boeke van die Bybel. Die amp van leraar was oop vir enigiemand se ambisie en ‘n besondere geestesgawe (van leraar) word nie genoem nie. Die amp van leraar is eerder gebaseer op ‘n *roeping* as op ‘n ‘n geestesgawe.

Sommige Christene ontvang die roeping tot ‘n gewone leraar of herder-leraar (Efesiërs 4:11), maar word gewaarsku dat die amp van leraar ‘n groot verantwoordelikheid in die gemeente is (Jakobus 3:1). Ander Christene ontvang die geestesgawe van leraar (as vermoë, bekwaamheid, bevoegdheid) (Romeine 12:7). Maar *alle Christene* (met of sonder ‘n geestesgawe van onderrig) word aangespoor om mekaar te onderrig (Matteus 28:20; Kolossense 3:16).

- (2) Die take van leraars in die Gemeente.

Lees Esra 7:10.

- Die eerste taak van ‘n leraar is om die Bybel in sy geheel en in fyner besonderhede te bestudeer ten einde die Bybelse waarheid vas te stel, die feite te ontdek en dan te sistematiseer (Handelinge 17:11).
- Die tweede taak van ‘n leraar is om self hierdie waarhede in praktyk toe te pas en so ‘n voorbeeld uit te leef (Matteus 23:2-4; Romeine 2:21; 1 Timoteus 4:12; Titus 2:7-8).
- Die derde taak van ‘n leraar is om die Bybelse waarhede met gesag en sonder afwating van die betekenis of die oorspronklike bedoeling van die Gees te onderrig, om so die waarheid prakties en verstaanbaar te maak (Markus 1:22; Handelinge 8:30-31; 20:20,27; 2 Timoteus 2:15). Onderrig word gegee aan nuwe Christene ten einde hulle tot dissipels van Jesus Christus te maak. Leraars moet konsentreer op nuwe Christene wat getrou, beskikbaar en vatbaar is vir onderrig en bekwaam sal wees om weer ander nuwe Christene te onderrig (Matteus 28:20; Lukas 6:40; 2 Timoteus 2:2).

- (3) Die plek van leraars in die Gemeente.

Die bedieninge van profete (verkondigers, predikers) en leraars is die twee belangrikste bedieninge na die bediening van apostels (sendelinge, gemeentestigters) (1 Korintiërs 12:28; Efesiërs 4:11). Aangesien die bediening van die apostels van Christus en die Nuwe-Testamentiese profete beperk bly tot die Vroeë Kerk/Gemeente, moet veral:

- die (aangestelde) amp van leraar (1 Timoteüs 5:17)
- die gewone taak/funksie van leraar (Kolossense 3:16)
- en die geestesgawe van leraar in die gemeente (Efesiërs 4:11)

hoë prioriteit in elke gemeente in die wêreld kry. Niks bou Christene beter op as die waarheid van die Bybel nie!

4. Evangeliste.

'Evangelis' is 'n *gewone bevoegdheid* (funksie, amp, aangestelde bediening) (Efesiërs 4:11; 2 Timoteus 4:5) of 'n *buitengewone bekwaamheid* (vermoë) in die Kerk/Gemeente (Handelinge 11:24). Evangeliste verkondig die evangelie (die blye boodskap) van verlossing in Jesus Christus so effektief dat die aantal nuwe gelowiges in die Kerk/Gemeente toeneem. Terwyl sommige Christene geroep en aangestel word as evangeliste (2 Timoteus 4:5) en ander Christene die geestesgawe van evangelis ontvang, word *alle Christene* aangespoor om te getuig en deel te neem aan evangelisasie (saai en oes) (Johannes 10:32-33; Johannes 4:37).

5. Herders (wagters).

'Herder' (wagter) is 'n *gewone bevoegdheid* (funksie, amp, aangestelde bediening) (Handelinge 20:28; Efesiërs 4:11; 1 Petrus 5:1-4) of 'n *buitengewone bekwaamheid* (vermoë) in die Kerk/Gemeente (1 Korintiërs 12:28). Herders voed, beskerm, versorg en lei Christene tot geestelike groei en welsyn. Hulle soek na die mense wat verlore is of wat afgedwaal het en bring hulle terug na God se kudde toe. Hulle bewys veral liefdevolle sorg aan die kleintjies, die swakkes en die hongeriges. Terwyl sommige Christene geroep en aangestel word as herder (wagter) en ander Christene die geestesgawe van herder (wagter) ontvang, word *alle Christene* aangespoor om gelyke sorg vir mekaar te dra (1 Korintiërs 12:24-26).

D. DIE GEBRUIK VAN GEESTESGAWES OM DIE GEMEENTE OP TE BOU

1. Die geestesgawes en die bediening in die Gemeente.

Hoe moet 'n Christen sy geestesgawe gebruik vir die welsyn van ander Christene?

(1) Christene het mekaar se bediening nodig.

Elke lid van die Liggaam van Christus moet die ander lede dien en elke lid het die bediening (die dienslewering) van die ander lede nodig! Om mekaar te dien met die gewone of buitengewone geestesgawes (genadegawes van die Gees) is 'n ander manier (uitdrukking) om mekaar lief te hê! Net soos die hand nie sonder die oog goed kan funksioneer nie, so kan elke lid van die gemeente nie sonder die bediening (die dienslewering, die bydrae) van die ander lede goed funksioneer nie. Die bediening of geestesgawe van elke lid komplimenteer die bediening van 'n ander lid. So word die Kerk/Gemeente die beste opgebou!

(2) Die geestesgawe van onderrig as 'n voorbeeld.

Kom ons gebruik die geestesgawe van onderrig as 'n voorbeeld. Alle Christene, of hulle die geestesgawe van onderrig ontvang het of nie, moet betrokke wees in die gewone bediening om mekaar te onderrig! Alle Christene moet betrokke wees in dissipelmaking en om andere te leer om dit wat Jesus Christus beveel het, te onderhou (Matteus 28:19-20)! Alle Christene moet die Woord van God ryklik in hulle harte laat woon en mekaar in wysheid onderrig (Kolossense 3:16)! Terwyl alle Christene moet onderrig, het net sommige Christene die geestesgawe van onderrig ontvang (1 Korintiërs 12:29).

Die Christene wat die geestesgawe van onderrig ontvang het, het die verantwoordelikheid om hulle geestesgawe vir die volgende drie take in te span. Hulle moet:

- ander Christene dien deur hulle te onderrig.
- 'n voorbeeld vir ander Christene wees van hoe om onderrig te gee.
- ander Christene toerus om onderrig te gee.

Op dieselfde drie maniere behoort Christene met ander geestesgawes hulle geestesgawe in te span tot voordeel van ander Christene: om te dien met hulle geestesgawe, om 'n voorbeeld te wees van hulle besondere bediening en om andere toe te rus op die gebied van hulle geestesgawe.

(3) Die geestesgawe van barmhartigheid as 'n voorbeeld.

Alle Christene behoort betrokke te wees in die bediening van barmhartigheid. Hulle is geroepe om soos die barmhartige Samaritaan mense op hulle pad wat hulp nodig het, te help (Lukas 10:37). Terwyl alle Christene barmhartigheid moet bewys, het net sommige Christene die geestesgawe van barmhartigheid ontvang (Romeine 12:8). Hierdie Christene dien andere dan met barmhartigheid, is 'n voorbeeld van barmhartigheid en rus ander Christene toe om barmhartig te wees.

2. Die geestesgawes en die vrug van die Gees.

Die besit en die gebruik van geestesgawes is geen bewys dat jy besonder geestelik of geestelik volwasse is nie! Die Christene in die gemeente van Korinte het alle geestesgawes gehad (1 Korintiërs 1:7), maar was vleeslike kinders in Christus en geestelik onvolwasse (1 Korintiërs 3:1-4)! Die beoefening van geestesgawes sonder die liefde is ongelukkig moontlik, maar absoluut waardeloos in God se oë (1 Korintiërs 13:1-3)!

Die werklike bewys vir lewe in die Gees, d.w.s om vervul te wees met die Gees, om beheer en gelei te word deur die Gees is nie die besit of gebruik van geestesgawes nie, maar die dra van die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23)! Selfs al sou 'n bepaalde geestesgawe in jou persoonlike lewe of in jou gemeente ontbreek, dan mag die vrug van die Gees, veral die liefde, nooit ontbreek nie!

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Dien volgens geestesgawes” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Hebreërs 11 - 13. Maak gebruik van die verkose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Repeteer elke dag die laaste vyf Bybelverse uit die Johannes Evangelie wat jy uit jou kop geleer het. (1) Johannes 11:25, (2) Johannes 12:32, (3) Johannes 13:34-35, (4) Johannes 14:6, (5) Johannes 15:5.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 16. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.